

16.10 RAPPORT 4 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – OOSTE (Artt 49, 50, 51)

16.10 REPORT 4 – DEPUTIES ECUMENICITY INTERNATIONAL – EAST (Arts 49, 50, 51)

- A. Ds HS Coetzee stel die Rapport.
Rev HS Coetzee tables the Report.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. RAPPORT / REPORT

Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Prof SP van der Walt (s), Di HS Coetzee, HJP de Beer en prof HG Stoker

Deputies responsible for the desk: Prof SP van der Walt (c), Revs HS Coetzee, HJP de Beer and prof HG Stoker

<p>1. Reformed Church Japan (RCJ) Ekumeniese eenheid</p> <p>1.1 <i>Opdrag</i></p> <p>1.1.1 Die GKSA vaardig 'n Deputaat af om die Sinode van die RCJ in 2016 te Sendai by te woon wanneer die RCJ sy 70ste bestaansjaar vier.</p> <p>1.1.2 Ekumeniese eenheid in leer diens en tug word herbevestig.</p> <p>1.1.3 Dat gesprekke oor die interpretasie van ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die RCJ voortgaan.</p> <p>1.1.4 Die te benoemde Deputate ontvang opdrag om die Rapport en die besluit van die RCJ aangaande vroue in die ampte van ouderlinge en predikante te bestudeer en aanbevelings daarvoor te maak oor hoe dit die verhouding tussen die GKSA en die RJC raak. Vanweë die laat stadium van die RCJ se Sinode was daar nie genoegsame tyd was die Rapport en die besluit behoorlik te bestudeer en by hierdie Sinode daarvoor aanbevelings te kon maak nie.</p> <p>1.1.5 Dat die te benoemde Deputate moontlike samewerking tussen die GKSA en die Teologiese Skool te Kobe, asook die Christelike Universiteit te Tokio fasiliteer.</p> <p>1.1.6 Wyses van sendingsamewerking tussen die GKSA en Missie Japan asook ander kerke met wie die GKSA ekumeniese bande het en wat werkzaam in Japan is, word aan die te benoemde Deputate opgedra.</p>	<p>1. Reformed Church Japan (RCJ) Ecumenical unity</p> <p>1.1 <i>Mandate</i></p> <p>1.1.1 The GKSA is to send a delegate to the RCJ's Synod in 2016 in Sendai when the RCJ will be celebrating its 70th anniversary.</p> <p>1.1.2 Ecumenical unity in doctrine, service and discipline is to be confirmed.</p> <p>1.1.3 Discussion over the interpretation of ecumenical unity between the GKSA and the RCJ is to continue.</p> <p>1.1.4 The appointed Deputies are to study the Report and the decision of the RCJ regarding women in the offices of elder and minister and make recommendations on how it affects the relationship between the GKSA and RJC (due to the late date of the RCJ's Synod, there wasn't time to study the Report and the decision properly and make recommendations to the Synod).</p> <p>1.1.5 The appointed Deputies are to facilitate possible cooperation between the GKSA and the theological school in Kobe as well as the Christian university in Tokyo.</p> <p>1.1.6 The ways in which mission cooperation between the GKSA and Mission Japan as well as other churches with which the GKSA has ecumenical ties and are working in Japan are to be conveyed to the appointed Deputies.</p>
---	---

<u>Vir kennisname</u>	<u>To be noted</u>
1.2 <i>Uitvoering van die opdrag</i>	1.2 <i>Execution of the mandate</i>
1.2.1 Vanaf 11-13 Oktober 2016 is die General Assembly van die Reformed Churches in Japan (RCJ) te Yokohama deur 'n Deputaat van die GKSA bygewoon waartydens 'n groeteboodschap van die GKSA oorgedra is.	1.2.1 A Deputy of the GKSA attended the General Assembly of the Reformed Churches in Japan (RCJ) in Yokohama from 11-13 October 2016 and conveyed greetings from the GKSA.
1.2.2 Daar kan getuig word van die hartlikheid waarmee die Deputaat ontvang is en die mooi gesindheid wat die gesprekke deurentyd gekenmerk het.	1.2.2 The Deputy was heartily welcomed and discussions were always extremely positive in nature.
1.2.3 Taal is steeds 'n geweldige hekkie tydens Sinodes van die RCJ. Hulle is nie werklik ingestel om besoekers tov taal te akkommodeer nie.	1.2.3 Language continues to be a huge hurdle between the Synods of the RCJ. They are not really disposed toward accommodating visitors in terms of language.
1.2.4 Goeie gesprekke (formeel en informeel) is met die RCJ se Deputate vir ekumeniese sake gevoer.	1.2.4 The discussions (formal and informal) with the RCJ's Deputies for ecumenical affairs were quite positive.
1.2.5 Deputate van die OPC, GKN(v) en die NGK (RSA) was ook teenwoordig en goeie gesprekke kon met hierdie afgevaardigdes gevoer word.	1.2.5 Deputies of the OPC, GKN(v) and the NGK (RSA) also attended and discussions with these delegates went well.
1.2.6 'n Indringende gesprek is met Deputate van die RCJ gevoer oor die interpretasie van kerklike eenheid. Die rede vir hierdie gesprekspunt is dat die RCJ die afgelope aantal jare nie tydens besoeke aan Suid-Afrika met die GKSA skakel nie ten spyte van andersins goeie kontak en verhoudinge. Uitnodigings na Sinodes van die GKSA word ook nie opgevolg nie. Dit blyk enersyds dat die RCJ 'n besondere premie plaas op missionale samewerking, en andersyds dat missionale samewerking 'n vergestaltung van eenheid is en dat dit hulle skakeling dienooreenkomstig prioritiseer.	1.2.6 An in-depth discussion was held with the Deputies of the RCJ over the interpretation of church unity. This issue was broached due to the RCJ's failure to contact the GKSA during their visits to South Africa the past few years, despite otherwise good contact and relations. Invitations to GKSA Synods have also not been followed up. It would seem that the RCJ place a high premium on missional cooperation and, on the other hand, missional cooperation is a demonstration of unity and that they prioritise their interaction accordingly.
1.2.7 In die lig van bogenoemde is gesprek is gevoer met Gideon van der Watt van Missie Japan oor wyses waarop die GKSA konkreet betrokke kan raak by Missie Japan se werksaamhede. Gesien in die lig van 2.1 hierbo, word hierdie 'n prioriteit geag en verdere korrespondensie word in die vooruitsig gestel.	1.2.7 Given the above, Gideon van der Watt of Mission Japan was consulted on ways that the GKSA could practically become involved with Mission Japan's activities. In view of 2.1 above, this is deemed a priority and further correspondence is planned.
1.2.8 'n Spesifieke versoek is gerig om dokumentasie te ontvang waarin die	1.2.8 A specific request was made for documentation providing the exegetic

<p>eksegetiese begroning van hulle besluit oor die vrou in die besondere dienste vervat is. Te verstane is baie van hulle dokumentasie slegs in Japannees beskikbaar, maar die onderneming is ontvang om te poog om veral die eksegetiese dokumentasie te verwerk en aan te stuur. Daar sal in gedagte gehou moet word dat hulle studie oor 'n tydperk van meer as 20 jaar strek en dat hulle Skrifstudie alreeds jare gelede hulle nie tot duidelikheid kon bring nie. Derhalwe het resente Studierapporte nie pertinente tekste bestudeer nie en meer gefokus op die konteks van die kerk in Japan.</p> <p>1.2.9 Terugskouend was dit 'n geslaagde besoek wat weer die besondere bande met die RCJ opgetel het. Die eenheid wat die GKSA met die RCJ het, kon tasbaar beleef word as 'n besondere en kosbare vergestaltung van die een liggaam van Christus.</p> <p>Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.9 kennis geneem.</p> <p><u>Vir besluitneming</u></p> <p>1.3 <i>Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)</i></p> <p>1.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid tussen die GKSA en RCJ.</p> <p>1.3.2 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak.</p> <p>1.3.3 Die Deputate wag die eksegetiese dokumentasie oor die RCJ se besluit oor vroue se toelating tot die dienste af.</p> <p>1.3.4 Die Deputate kontinueer gesprekke met Missie Japan met die doel om konkreet en funksioneel by die strukture van Missie Japan betrokke te word en betrokke te raak.</p> <p>Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.4 goedgekeur.</p> <p>2. Sri Lanka (LRC) Ekumeniese kontak</p> <p>2.1 <i>Opdrag</i> Dat kontak opgeneem en behou en verder uitgebou word met die LRC in Sri Lanka.</p>	<p>grounds for their decision over the woman in the special offices. Naturally a great deal of their paperwork is only available in Japanese, but they undertook to attempt to at least prepare and forward the exegetic documentation. It will have to be kept in mind that their study stretches over a period of more than 20 years and that their study of Scripture already failed years ago to provide clarity. Recent Study reports have thus not reviewed pertinent texts, but focused more on the context of the church in Japan.</p> <p>1.2.9 It was in retrospect a successful visit that enabled the reestablishment of ties with RCJ. The unity between the GKSA and the RCJ were tangibly experienced as a great and precious demonstration of the one body of Christ.</p> <p>Decision: Points 1.1 to 1.2.9 noted.</p> <p><u>To be decided</u></p> <p>1.3 <i>Recommendations (Mandate for the appointed Deputies)</i></p> <p>1.3.1 Note be taken, with thanks, of the existing ecumenical unity between the GKSA and RCJ.</p> <p>1.3.2 This unity be maintained and fostered, by means of <i>inter alia</i> mutual visits of Deputies and cooperation at a practical level.</p> <p>1.3.3 The Deputies wait on the exegetical documentation on the RCJ's decision on women in the offices of elder and minister.</p> <p>1.3.4 The Deputies continue discussions with Mission Japan in order to become practically and functionally involved in the structures of Mission Japan.</p> <p>Decision: Points 1.3.1 to 1.3.4 approved.</p> <p>2. Sri Lanka (LRC) Ecumenical contact</p> <p>2.1 <i>Mandate</i> Contact should be taken up, maintained and fostered with the LRC in Sri Lanka.</p>
--	--

<p><u>Vir kennisname</u> 2.2 <i>Uitvoering van opdrag</i> Geen kontak is met die kerke gemaak nie.</p> <p>Besluit: Punte 2.1 en 2.2 kennis geneem.</p> <p><u>Vir besluitneming</u> 2.3 <i>Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)</i> Dat daar tans nie verdere kontak met die kerke gesoek word nie.</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p> <p>3. Indonesië Ekumeniese kontak</p> <p>3.1 <i>Opdrag</i> 3.1.1 Dat, gedurende die termyn van die te benoemde Deputate prioriteit verleen word aan Gereformeerde Kerke in Wes-Timor. Hiervoor moet eenheid van die leer, diens en tug met die Gereformeerde Kerke in Wes-Timor ondersoek word. 3.1.2 Die Deputate moet saam met die TSP die moontlikheid van samewerking ten opsigte van teologiese opleiding in Java ondersoek.</p> <p><u>Vir kennisname</u> 3.2 <i>Uitvoering van opdrag</i> Daar is geen verdere kontak met die kerke gemaak nie.</p> <p>Besluit: Punte 3.1 en 3.2 kennis geneem.</p> <p><u>Vir besluitneming</u> 3.3 <i>Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)</i> Dat daar verdere kontak met die kerke gesoek word.</p> <p>Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).</p> <p>4. Indië – Reformed Presbyterian Church of India (RPCI) en Presbyterian Free Church (PFC(CI)) Ekumeniese kontak</p> <p>4.1 <i>Opdrag</i> 4.1.1 Dat die GKSA ekumeniese bande met die RPCI sluit. 4.1.2 Dat by die Sinode aanbeveel word dat aan die PFC(CI) ekumeniese bande aangebied word. 4.1.3 Dat die werk wat ds Kumar in Indië in die uitbouing van die Gereformeerde Kerk in Indië ondersteun word.</p>	<p><u>To be noted</u> 2.2 <i>Execution of mandate</i> No contact was made with the churches.</p> <p>Decision: Points 2.1 and 2.2 noted.</p> <p><u>To be decided</u> 2.3 <i>Recommendations (Mandate for the appointed Deputies)</i> It is recommended that no further contact be sought with the churches for the time being.</p> <p>Decision: Approved.</p> <p>3. Indonesia Ecumenical contact</p> <p>3.1 <i>Mandate</i> 3.1.1 Priority should be given to the Reformed churches in West-Timor during the appointed Deputies' term, which would entail investigating unity of doctrine, service and discipline with the Reformed churches in West Timor. 3.1.2 The Deputies, together with the TSP, are to investigate the possibility of cooperation in terms of theological training in Java.</p> <p><u>To be noted</u> 3.2 <i>Execution of mandate</i> No contact was made with the churches.</p> <p>Decision: Poin 3.1 and 3.2 noted.</p> <p><u>To be decided</u> 3.3 <i>Recommendations (Mandate for the appointed Deputies)</i> It is recommended that further contact be sought with the churches.</p> <p>Decision: Approved (amendment already added – Deputies Acta).</p> <p>4. India – Reformed Presbyterian Church of India (RPCI) and Presbyterian Free Church (PFC(CI)) Ecumenical contact</p> <p>4.1 <i>Mandate</i> 4.1.1 The GKSA are to establish ecumenical ties with the RPCI. 4.1.2 It is to be recommended to the Synod that the PFC(CI) be offered ecumenical ties. 4.1.3 The work of Rev Kumar in India, to expand the Reformed Church in India, is to be supported.</p>
--	--

<u>Vir kennisname</u>	<u>To be noted</u>
4.2 <i>Uitvoering van opdrag</i>	4.2 <i>Execution of mandate</i>
4.2.1 Dr DG Breed en ds HJP de Beer het as Deputate van die GKSA Indië vir die tydperk van 2–13 Oktober 2015 besoek.	4.2.1 Dr DG Breed and Rev HJP de Beer visited India from 2-13 October 2015 as Deputies of the GKSA.
4.2.2 Tydens die tydperk het die Deputate, vergesel van ds Kumar verskillende rolspelers in die RPCI en PFC (CI) ontmoet en die versoek van die GKSA tot ekumeniese bande (kyk 4.1.1 en 4.1.2 hierbo) aan die onderskeie kerke se verteenwoordigers oorgedra.	4.2.2 During this visit the Deputies, accompanied by Rev Kumar, met different role players in the RPCI and PFC (CI) and conveyed the GKSA's wish for ecumenical ties (see 4.1.1 and 4.1.2 above) to the representatives of the different churches.
4.2.3 Met albei kerkgroepe is afgespreek dat amptelike skrywes aan hulle onderskeie Sinodes gerig sou word waarin die versoek tot ekumeniese bande formeel aan hulle voorgelê sou word. Die skrywes is op 30 Oktober 2015 per e-pos aan die kontakpersone soos deur die verteenwoordigers van die RPCI en PFC (CI) verskaf, deurgestuur.	4.2.3 It was agreed with both church groups to formally present to their different Synods a request for ecumenical ties. This formal correspondence was e-mailed on 30 October 2015 to the contact persons the representatives of the RPCI and PFC (CI) indicated.
4.2.4 Op 22 Mei 2017 word die volgende ontvang van Pradeep Kumar, sekretaris van die Presbyterian Free Church (CI): Greetings to you in Christ! In response to your email we hereby confirm that our Presbytery unanimously resolved to establish sister Church relationship with Reformed Churches of South Africa. The resolution reads as follows: "Moved and resolved that Presbyterian Free Church of Central India, accepts the invitation of ecumenical relationship with RCSA and process the development of relationship with regular corresponds and visits."	4.2.4 On 22 May 2017 Pradeep Kumar, secretary of the Presbyterian Free Church (CI) responded as follows: "Greetings to you in Christ! In response to your email we hereby confirm that our Presbytery unanimously resolved to establish sister Church relationship with Reformed Churches of South Africa. The resolution reads as follows: 'Moved and resolved that Presbyterian Free Church of Central India, accepts the invitation of ecumenical relationship with RCSA and process the development of relationship with regular corresponds and visits.'"
4.2.5 Op 11 April 2016 word die volgende ontvang van T Suraj Chellaiah, sekretaris van die RPCI Sinode: In the last Annual General Meeting of the Synod it has been decided that we (RPCI) accept your kind invitation to have ecumenical ties with the Reformed Churches in South Africa (GKSA). We request you to kindly have the ecumenical ties with RPCI. Thank you."	4.2.5 On 11 April 2016 T Suraj Chellaiah, secretary of the RPCI Synod responded as follows: "In the last Annual General Meeting of the Synod it has been decided that we (RPCI) accept your kind invitation to have ecumenical ties with the Reformed Churches in South Africa (GKSA). We request you to kindly have the ecumenical ties with RPCI. Thank you."
4.2.6 Die Deputate het die tydperk 8–13 Oktober 2015, in ondersteuning van ds Kumar se bediening in Indië, saam	4.2.6 The Deputies worked with Rev Kumar from 8-13 October 2015, in support of his ministry in India, by observing a

<p>met hom in sy bedieningsveld gewerk deur die waarneem van verskeie aanbiddingsgeleenthede, eredienste en Bybelstudies.</p> <p>Besluit: Punte 4.1 tot 4.2.6 kennis geneem.</p> <p><u>Vir besluitneming</u></p> <p>4.3 <i>Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)</i></p> <p>4.3.1 Dat die Sinode met dank kennis neem van die besluit van die RPCI (4.2.5) en dat die GKSA oorgaan van ekumeniese kontak tot ekumeniese bande met die RPCI.</p> <p>4.3.2 Dat die Sinode met dank kennis neem van die besluit van die PFC (CI) (4.2.4) en dat die GKSA oorgaan van ekumeniese kontak na ekumeniese bande met die PFC (CI).</p> <p>4.3.3 Dat die werk wat ds Kumar as predikant van die GK Rietvallei steeds ondersteun word in die uitbouing van die Gereformeerde Kerk in Indië.</p> <p>Besluit: Punte 4.3.1 tot 4.3.3 goedgekeur.</p>	<p>range of worship events, services and Bible Studies.</p> <p>Decision: Points 4.1 to 4.2.6 noted.</p> <p><u>To be decided</u></p> <p>4.3 <i>Recommendations (Mandate for the appointed Deputies)</i></p> <p>4.3.1 The Synod take note, with thanks, of the RPCI's decision (4.2.5) and that the GKSA has gone from ecumenical contact to ecumenical ties with the RPCI.</p> <p>4.3.2 The Synod take note, with thanks, of the PCF's (CI) decision (4.2.4) and that the GKSA has gone from ecumenical contact to ecumenical ties with the PFC (CI).</p> <p>4.3.3 Rev Kumar, the minister of the GK Rietvallei, continue to receive support in building the Reformed Church in India.</p> <p>Decision: Points 4.3.1 to 4.3.3 approved.</p>
---	--

D. AANVULLENDE RAPPORT – JAPAN / SUPPLEMENTARY REPORT – JAPAN

<p>1. Reformed Church Japan (RCJ) Ekumeniese eenheid</p> <p>1.1 <i>Opdrag</i></p> <p>1.1.1 Die GKSA vaardig 'n Deputaat af om die Sinode van die RCJ in 2016 te Sendai by te woon wanneer die RCJ sy 70ste bestaansjaar vier.</p> <p>1.1.2 Ekumeniese eenheid in leer diens en tug word herbevestig.</p> <p>1.1.3 Dat gesprekke oor die interpretasie van ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die RCJ voortgaan.</p> <p>1.1.4 Die te benoemde Deputate ontvang opdrag om die Rapport en die besluit van die RCJ aangaande vroue in die ampte van ouderlinge en predikante te bestudeer en aanbevelings daaroor te maak oor hoe dit die verhouding tussen die GKSA en die RJC raak. Vanweë die laat stadium van die RCJ se Sinode was daar nie genoegsame tyd om die Rapport en die besluit behoorlik te bestudeer en by hierdie Sinode daaroor aanbevelings te kon maak nie.</p> <p>1.1.5 Dat die te benoemde Deputate moontlike samewerking tussen die GKSA en die Teologiese Skool te</p>	<p>1. Reformed Church Japan (RCJ) Ecumenical Unity</p> <p>1.1 <i>Mandate</i></p> <p>1.1.1 The GKSA is to send a Delegate to attend the Synod of the RCJ in 2016 in Sendai, also the RCJ's celebration of its 70th anniversary.</p> <p>1.1.2 Ecumenical unity in doctrine, service and discipline is to be confirmed.</p> <p>1.1.3 Talks over the interpretation of ecumenical unity between the GKSA and the RCJ are to continue.</p> <p>1.1.4 The next Deputies are to review the Report and decision of the RCJ regarding women in the offices of elder and minister to offer recommendations as to how it affects the relationship between the GKSA and the RJC. Due to the late date of the RCJ's Synod, time was not sufficient to study the Report and decision properly and offer recommendations at this Synod.</p> <p>1.1.5 The next Deputies are to facilitate possible cooperation between the GKSA and the Theological School in</p>
--	--

<p>Kobe, asook die Christelike Universiteit te Tokio fasiliteer.</p> <p>1.1.6 Wyses van sendingsamewerking tussen die GKSA en Missie Japan asook ander kerke met wie die GKSA ekumeniese bande het en wat werkzaam in Japan is, word aan die te benoemde Deputate opgedra.</p> <p><u>Vir kennisname</u></p> <p>1.2 <i>Uitvoering van opdrag 1.6</i></p> <p>1.2.1 Tydens 'n besoek aan die General Assembly van die RCJ vanaf 11-13 Oktober 2016 is 'n indringende gesprek met Deputate van die RCJ gevoer oor die interpretasie van kerklike eenheid. Die rede vir hierdie gesprekspunt is dat die RCJ die afgelope aantal jare nie tydens besoeke aan Suid-Afrika met die GKSA skakel nie ten spyte van andersins goeie kontak en verhoudinge. Uitnodigings na Sinodes van die GKSA word ook nie altyd opgevolg nie. Dit blyk enersyds dat die RCJ 'n besondere premie plaas op missionale samewerking, en andersyds dat missionale samewerking 'n vergestaltung van eenheid is en dat dit hulle skakeling dienooreenkomstig prioritiseer. In die lig van bogenoemde is gesprek is gevoer met Gideon van der Watt van Missie Japan oor wyses waarop die GKSA konkreet betrokke kan raak by Missie Japan (MJ) se werkzaamhede.</p> <p>1.2.2 Die drie-jaarlikse vergadering van Missie Japan het vanaf 25–27 September 2017 te Stilbaai plaasgevind en is op uitnodiging van die bestuur van Missie Japan deur 'n verteenwoordiger van die GKSA bygewoon.</p> <p>1.2.3 Die vergadering van Missie Japan het in 'n hartlike gees plaasgevind en die GKSA is uitgenooi om, hangende 'n besluit van die Sinode, volledig deel te word van Missie Japan se werkzaamhede. Die konstitusie van MJ word tans hersien om voorsiening te maak vir die GKSA se inskakeling sou die Sinode daaraan gevolg gee.</p> <p>1.2.4 Deurdat die GKSA formeel inskakel by MJ se funksionering, kan die bande met die RCJ meer konkrete gestaltes aanneem. Die implikasie</p>	<p>Kobe as well as the Christian University in Tokyo.</p> <p>1.1.6 Mission collaboration between the GKSA and Mission Japan (MJ) as well as other churches with which the GKSA has ecumenical ties, operating in Japan, is to be investigated.</p> <p><u>To be noted</u></p> <p>1.2 <i>Execution of instruction 1.6</i></p> <p>1.2.1 During a visit to the General assembly of the RCJ, from 11-13 October 2016, an in-depth discussion was held with the Deputies of the RCJ over the interpretation of church unity. This topic was raised because of the RCJ's failure to make contact with the GKSA during their visits to South Africa over the past few years, despite otherwise good contact and interaction. Invitations to the GKSA's Synod are not accepted either. It would seem that the RCJ places great value on missional cooperation and also that such cooperation represents unity to them, thus determining their priorities in terms of contact. In light of above, the ways in which the GKSA can concretely become involved with MJ was discussed with Gideon van der Watt of MJ.</p> <p>1.2.2 The tri-annual meeting of MJ was held from 25-27 September 2017, in Stilbaai, and a delegate of the GKSA attended upon invitation from MJ.</p> <p>1.2.3 The meeting of MJ was a warm and welcoming and the GKSA was invited, pending the decision of the Synod, to become a fully-fledged part of MJ's activities. Its constitution is in the process of being amended to provide for the inclusion of the GKSA, should the Synod grant the necessary approval.</p> <p>1.2.4 This formal involvement of the GKSA in MJ's activities will enable ties with the RCJ to take on a more concrete form. This would result in requests being</p>
---	---

<p>hiervan sal ook wees dat kerke en individue versoek word om by wyse van gebed en bydraes die werksaamhede van MJ te ondersteun.</p> <p>Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.4 kennis geneem.</p> <p><u>Vir besluitneming</u></p> <p>1.3 <i>Aanbevelings</i></p> <p>1.3.1 In die lig van opdrag 1.6, gaan gespreke met Missie Japan (MJ) ten opsigte van inskakeling by MJ voort.</p> <p>1.3.2 Die Deputate verdiskonteer alle relevante kerkregtelike beginsels vir die GKSA se betrokkenheid by MJ en handel die opdrag binne die raamwerk van ons Kerkorde af.</p> <p>Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.2 goedgekeur.</p>	<p>made to churches and individuals for supporting MJ by means of prayer and contributions.</p> <p>Decision: Points 1.1 to 1.2.4 noted.</p> <p><u>To be decided</u></p> <p>1.3 <i>Recommendations</i></p> <p>1.3.1 In light of instruction 1.6, talks with MJ regarding the involvement of the GKSA are to continue.</p> <p>1.3.2 All relevant canonical principles in terms of the GKSA's involvement with MJ are to be addressed that the instruction may be executed within the framework of the Church Order.</p> <p>Decision: Points 1.3.1 and 1.3.2 approved.</p>
--	---

E. AANVULLENDE RAPPORT – KOREA EN TURKYE / SUPPLEMENTARY REPORT – KOREA AND TURKEY

<p>1. Kosin Presbyterian Church of Korea (KPCK)</p> <p>Ekumeniese eenheid</p> <p>1.1 <i>Opdrag</i></p> <p>1.1.1 Aan die te benoeme Deputate word opgedra om Ekumeniese eenheid met die PCK te herbevestig en uit te bou.</p> <p>1.1.2 Die te benoeme Deputate kry opdrag om voort te gaan om nagraadse studente te nooi uit die Kosin Kerke om in Potchefstroom te kom studeer. Die aangeleentheid moet in samewerking met die Teologiese Skool en Fakulteit Teologie hanteer word.</p> <p>1.1.3 Die te benoeme Deputate kry opdrag om die sendingwerk deur die PCK in Suid-Afrika te monitor en hieroor met die PCK in gesprek te bly.</p> <p>1.1.4 Daar word in die volgende termyn van die Deputate se werksaamhede weer 'n Deputaat afgevaardig om 'n Sinode van die RCJ by te woon.</p> <p><u>Vir kennisname</u></p> <p>1.2 <i>Uitvoering van opdrag</i></p> <p>1.2.1 Vanaf 19–21 September 2017 is die General Assembly van die Kosin Presbyterian Churches in Korea te Cheonan deur 'n Deputaat van die GKSA bygewoon waartydens 'n groeteboodschap van die GKSA oorgedra is.</p> <p>1.2.2 Daar kan getuig word van die hartlikheid waarmee die Deputaat</p>	<p>1. Kosin Presbyterian Church of Korea (KPCK)</p> <p>Ecumenical Unity</p> <p>1.1 <i>Mandate</i></p> <p>1.1.1 The appointed Deputies are instructed to reconfirm and promote ecumenical unity with the KPCK.</p> <p>1.1.2 The appointed Deputies are to continue to invite post-graduates from Kosin churches to study in Potchefstroom. The matter must be undertaken in cooperation with the Theological School and the Faculty of Theology.</p> <p>1.1.3 The appointed Deputies are instructed to monitor KPCK's mission work in South Africa and continue interaction with the KPCK in this regard.</p> <p>1.1.4 A delegate from the Deputies is once again to be sent to attend the Synod of the RCJ.</p> <p><u>To be noted</u></p> <p>1.2 <i>Execution of mandate</i></p> <p>1.2.1 A Deputy of the CKSA attended the General Assembly of the Kosin Presbyterian Churches in Korea in Cheonan, from 19-21 September 2017, at which he conveyed the GKSA's greetings.</p> <p>1.2.2 It's worth mentioning how warmly the Deputy was welcomed and the positive</p>
--	--

<p>ontvang is en die mooi gesindheid wat die gesprekke deurentyd gekenmerk het.</p> <p>1.2.3 Goeie gesprekke (formeel en informeel) is met die RCJ se Deputate vir ekumeniese sake gevoer.</p> <p>1.2.4 'n Formele uitnodiging is weereens gerig aan voornemende nagraadse studente om op Potchefstroom te kom studeer.</p> <p>1.2.5 Terugskouend was dit 'n geslaagde besoek wat weer die besondere bande met die Kosin Presbyterian Churches in Korea opgetel het. Die eenheid wat ons kerke met mekaar het, kon tasbaar beleef word as 'n besondere en kosbare vergestaltung van die een liggaam van Christus.</p>	<p>nature of discussions.</p> <p>1.2.3 Meaningful talks (formal and informal) also took place with the RCJ's Deputies for ecumenical affairs.</p> <p>1.2.4 A formal invitation was once again extended to aspiring post-graduates to study in Potchefstroom.</p> <p>1.2.5 Upon reflection, it was a successful visit that once again took up the special ties the GKSA has with the Kosin Presbyterian Churches in Korea. The unity the churches share was a palpable and precious demonstration of the one body of Christ.</p>
<p>Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.5 kennis geneem.</p> <p><u>Vir besluitneming</u></p> <p>1.3 <i>Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)</i></p> <p>1.3.1 Hartlike kerklike eenheid met die Kosin Presbyterian Churches in Korea word herbevestig en gekontinueer.</p> <p>1.3.2 Die GKSA vaardig 'n Deputaat af om gedurende die volgende termyn 'n Sinode van die KPCK by te woon.</p>	<p>Decision: Points 1.1 to 1.2.5 noted.</p> <p><u>To be decided</u></p> <p>1.3 <i>Recommendations (instructions to the next Deputies)</i></p> <p>1.3.1 Sincere church unity is to be reconfirmed and continued with the Kosin Presbyterian Churches in Korea.</p> <p>1.3.2 The GKSA is to send a delegate to the next Synod of the KPCK.</p>
<p>Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.2 goedgekeur.</p> <p>2. Independent Reformed Churches in Korea (IRCK) Ekumeniese kontak</p> <p><u>Vir kennisname</u></p> <p>2.1 <i>Opdrag</i></p> <p>2.1.1 Kontak word met die IRCK behou.</p> <p>2.1.2 Opvolggesprekke oor hulle behoefte aan Teologiese Opleiding word gevoer.</p> <p><u>Vir kennisname</u></p> <p>2.2 <i>Uitvoering van opdrag</i></p> <p>2.2.1 Die IRCK is 'n baie klein kerkgenootskap in Korea waarvan die opleiding plaasvind in Anyang (net suid van Seoel). Vanweë beperkte hulpbronne en mensekapitaal, bestaan daar deurgaans 'n behoefte aan opleiding.</p> <p>2.2.2 Tydens 'n Deputaat van die GKSA se besoek aan Suid-Korea vir bywoning van die General Assembly van die Kosin Presbyterian Churches in</p>	<p>Decision: Points 1.3.1 and 1.3.2 approved.</p> <p>2. Independent Reformed Churches in Korea (IRCK) Ecumenical Contact</p> <p><u>To be noted</u></p> <p>2.1 <i>Mandate</i></p> <p>2.1.1 Contact is to be maintained with the IRCK.</p> <p>2.1.2 Follow-up talks over their need for theological training are to be held.</p> <p><u>To be noted</u></p> <p>2.2 <i>Execution of mandate</i></p> <p>2.2.1 The IRCK is a tiny church society in Korea and training occurs in Anyang (just south of Seoul). Due to limited resources and human capital, the need for training is ongoing.</p> <p>2.2.2 A Deputy attending the General Assembly of the Kosin Presbyterian Churches in Korea, from 19-21 September 2017, attempted to meet</p>

<p>Korea vanaf 19–21 September 2017, is gepoog om 'n ontmoeting te hê met prof Heon Soo Kim. Gegewe die skedule, kon so 'n ontmoeting ongelukkig nie realiseer nie.</p> <p>2.2.3 E-pos korrespondensie het egter die behoefte van deurlopende kontak uitgelig en daar sal in die toekoms verdere pogings tot kontak gemaak word. Daar is egter wedersydse vrymoedigheid om met mekaar te korrespondeer en korrespondensie vind altyd in 'n goeie gesindheid plaas.</p> <p>Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.3 kennis geneem.</p> <p><u>Vir besluitneming</u></p> <p>2.3 <i>Aanbeveling (Opdragte aan te benoemde Deputate)</i> Kontak word met die IRCK behou.</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p> <p>3. Turkye Ekumeniese kontak</p> <p><u>Vir kennisname</u></p> <p>3.1 <i>Opdrag</i> Dat die Deputate voortgaan om gesprekke te voer met die Protestantse kerke in Turkye, met die oog op samewerking en ekumeniese bande.</p> <p><u>Vir kennisname</u></p> <p>3.2 <i>Uitvoering van opdrag</i> Daar is geen verdere kontak met kerke in Turkye gemaak nie.</p> <p>Besluit: Punte 3.1 en 3.2 kennis geneem.</p> <p><u>Vir besluitneming</u></p> <p>3.3 <i>Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde deputate)</i> Dat daar voorlopig nie verder aktief kontak gesoek word met die Protestantse kerke in Turkye nie.</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p>	<p>with prof Heon Soo Kim. The schedule, however, did not allow for such a meeting.</p> <p>2.2.3 E-mail correspondence, however, indicated the need for continued contact and further efforts in this regard will be made in future. Both sides are, however, glad to correspond and this correspondence is always positive in nature.</p> <p>Decision: Points 2.1 to 2.2.3 noted.</p> <p><u>To be decided</u></p> <p>2.3 <i>Recommendation (instruction to the next Deputies)</i> Contact is to be maintained with the IRCK.</p> <p>Decision: Approved.</p> <p>3. Turkey Ecumenical Contact</p> <p><u>To be noted</u></p> <p>3.1 <i>Mandate</i> The Deputies are to continue to hold talks with Protestant churches in Turkey, with the aim of cooperation and ecumenical ties.</p> <p><u>To be noted</u></p> <p>3.2 <i>Execution of mandate</i> No further contact was made with the churches in Turkey.</p> <p>Decision: Points 3.1 and 3.2 noted.</p> <p><u>To be decided</u></p> <p>3.3 <i>Recommendation (instruction to the next Deputies)</i> No further contact is to be actively sought for the time being with Protestant churches in Turkey.</p> <p>Decision: Approved.</p>
---	--